



Vyfte uitgawe
2018

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Ondervoorsitter – Francois van As
074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrieff kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@arecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
Vergadering van 1 Sept	7
Terugvoering demonstrasie	11
Vergadering van 6 Oktober	12
8 million species	21
Kalender	22
Sorgskedule	23
Snippets	24

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

From the editor

Bonsai friends

We had, like all other years, a very good show with beautiful trees at Wonderboom Junction mall. In the next issue some photos might be placed. There was also judging with three trees announced as winners.

Judging art, and especially judging bonsai, can be very controversial and emotional. And bringing in price money makes it even worse. The personal preference of a judge towards a style, type of tree, size of tree etc can play a big role in deciding the winners.

Does judging bonsai and giving prizes enhance the art of bonsai, especially at club level? Do the winning trees set a benchmark for future reference and serve as a teaching model for beginners (or non-winners) of the art as well as an informative statement to the general public? Does it set a standard for future improvement?

Or does it discourage members who know that they will never win? Looking at the number of trees displayed, sixty four in total, I think members are just happy to take part in showing their trees for the personal satisfaction of what they have achieved with their trees.

Keep going Pretoria members, you showed some beautiful trees!

Jaco



“A man has made at least a start on discovering the meaning of human life when he plants shade trees under which he knows full well he will never sit” -

Elton Trueblood

Briewebus / Vra is Vry

From Morgan Naicker

Field growing trees

The second Saturday of the month is normally a workshop at Org's but this month he decided he needed to do some work with his field grown trees. So the usual suspects from the workshop assembled in Pretoria North to travel in convoy to his brother's plot to see how we could help, what pearls of wisdom we could pick up and an interesting cutting or two. OK.... we know Org also has some trees, but the plot is on another level. A rough guesstimate would be more than 400 trees in the ground ...t was going to be a long and interesting day.

So what pearls of wisdom did we pick up?

- Give a bonsai artist enough growing space and he will fill it. ☺☺
- Growing plants in the ground will develop the trunk faster than in a pot or nursery bag. You will get better material quicker this way.
- Give each plant enough space to grow and place your trees at least 0.5m apart. Each plant needs its own "personal" space to grow and develop. Also, it will be easier to lift the plants when they need to go into a growing pot.
- Remember to remove the tap root when you are putting the plant in the ground to allow side roots to grow, developing a better Nebari. Org did not grow his plants on a tile or flat surface, but this can be done at the next phase of the development of the tree. The flat surface will force the roots to develop a shallow growth pattern so that it can fit easier into a bonsai pot later.
- Develop the trunk first. Cut the apex and side branches to introduce movement and develop taper. Do not be afraid of making drastic cuts and chopping the trees down very low if there is no movement or taper. Look to see where the buds are located, which could become the new leader and direction of growth.
- Secondary branches can be developed in the next phase of the development of the tree.
- The previous cuts you made may have not developed as anticipated and it is okay to change your design ideas and start over. The tree will grow which way it wants and you need to work with it.
- Clean up and smooth out the stubs and the cuts so that they will not be unsightly in the final design. Wounds can be sealed to assist with the callusing process.
- Make sure you have the right equipment. At least you should have large branch cutters, knob cutters and most importantly make sure you have a sharp saw and a backup.



Org and Francois discussing the possible design options

Briewebus / Vra is Vry

- If you are working with thorn trees, gloves will be handy unless you enjoy picking thorns out of your hands.
- And finally make sure you are adequately hydrated and nourished. The nourishment and hydration does not need to be mutually exclusive. You can ask Org for a recommendation if you are uncertain .



Regards Morgan

A large Mulberry after the chop. The trunk diameter is almost 7cm. The black line shows the possible change of direction with the new leader circled.

Jaco & ander

Kommentaar op jou redakteursbrief. (van vorige uitgawe, red)

Jaco, ek stem 100% saam met jou oor die klub, maar sonder jou harde werk het ons nie 'n Koeda gehad nie, baie dankie vir al jou harde werk en moeite. Van al die klubs se nuusbriewe wat jy gereeld en getrou aanstuur staan ons s'n beslis uit.

Ek was aanvanklik baie huiwerig om by die klub aan te sluit omdat ek nie 'n "Klub" mens is nie, maar 'n goeie bonsai vriend van my, Johan Hartsenberg van Hoedspruit, het my oortuig dat dit die vinnigste manier is om te leer, wat inderdaad toe so is.

Op geen stadium sedert ons eerste vergadering in Jan 2018 het ons ongemaklik gevoel in die Klub omdat ons nie inpas nie, of oorweldig gevoel deur al die "Meesters" se kennis wat hulle so graag in detail en verstaanbare taal uitdeel nie. Ons het as familie aangesluit en ons twee kinders geniet ook die vergaderings, ons het intendeel al een ander familie by die klub laat aansluit met nog 'n familie wat binnekort wil aansluit.

Ons geniet veral die baie leersame praktiese werksessies buite en aanbiedings in die saal, en maak gereeld aantekeninge. Ons waardeer ook die feit dat meeste van die meesters net 'n e-pos of telefoon oproep ver is en nog altyd geduldig raad gegee het, ek kontak van hulle gereeld vir spesifieke advies.

Iets wat wel soms pla is dat daar tydens aanbiedings in die saal gereeld deur veral van die jonger lede hardop gepraat word terwyl die spreker besig is, ek en my kinders beskik oor 100% gehoor en selfs ons sukkel soms om te hoor wat daar gesê word, en van die ouer mense soos Tannie Wilma kla gereeld, ek kan wel noem dat Org tydens ons laaste vergadering wel van die skuldige mense aangespreek het.

Groete

Danie du Toit en familie.

Briewebus / Vra is Vry

Hi Jaco,

Swartvoëlbessie (*Psychotria capensis*)

Na aanleiding van 'n probleem wat ek in my tuin het dat genoemde boom gereeld blom maar nooit bessies dra nie het ek na baie navrae by kwekerye en naslaan in tuinboeke geen bevredigende antwoord gekry nie. Prof Braam van Wyk kon my egter help. Dit was 'n "eye opener" en ek het dit uiters interessant gevind. Ek dink baie min mense weet dit. Ek het dit goed gedink om 'n kort artikeltjie te skryf. Dit is hierby aangeheg. Dit het nie direkte toepassing op bonsai nie en die spesie is dalk nie geskik vir bonsai nie, maar kan tog 'n mens se kennis oor die wonder van die natuur verbreed.

Groete

Louis Vd Walt

NS! Mens raak nooit te oud om te leer nie!

DIE ANATOMIE VAN BLOMME VAN PSYCHOTRIA CAPENSIS OF SWARTVOëLBESSIE

Inleiding

Psychotria capensis is an evergreen shrub or small tree, 3-8 m tall, with a slender stem, horizontal branches and pale brown bark. The leaves are shiny, light to dark green above and paler below, smooth and leathery; they are fairly large, 70-150 x 15-60 mm, elliptic to obovate, opposite and often drooping.



Golden yellow flowers are borne in flattish, terminal, branched heads up to 80 mm in diameter from spring to midsummer (August to January).

The flowers are followed in late summer to winter (January to July) by large, flat clusters of pea-sized, shiny yellow fruits ripening to red or black.

Briewebus / Vra is Vry

Distribution and habitat

Psychotria capensis is found on the eastern side of the country from Knysna through the Eastern Cape and KwaZulu-Natal to Mpumalanga, Limpopo, southern Mozambique and Zimbabwe. Its natural habitat ranges from sea level to 1 500 m in evergreen forests, forest margins, shrub and dune bush, edges of rivers and rocky outcrops in high-rainfall grassland.



Ek het een van hierdie bome in my tuin. Die boom is 13 jaar oud en blom elke jaar maar maak nie bessies nie. Die eerste rede waaraan 'n mens kan dink is dat die spesie se geslagte op verskillende bome voorkom. Ek het heelwat op die internet gesoek maar die inligting was maar onvolledig. Ek het ook bespiegel dat bestuiwing dalk deur 'n spesifieke insek of meganisme plaasvind wat nie in die omgewing voorkom nie. Kwekerie kon ook nie help nie.

Ek het toe Prof Braam van Wyk by Tukkies se Plantkunde Departement gekontak en die volgende stukkie natuurwonder (vir my altans) is deur hom beskryf en ek haal aan:

“Alleenstaande plante van Psychotria capensis dra nie vrugte nie, tensy daar in die omgewing plante is met blomme van die teenoorgestelde vorm. Die spesie is wat genoem word selfonverenigbaar (self-incompatible). Plante kan dus nie hulself bevrug nie.

Die meganisme hier betrokke staan bekend as heterostilie (heterostyly). Daar is baie vorms van heterostilie, maar as ek reg onthou, is Psychotria capensis distilies (distylous).

Dit beteken die plante is van twee tipes. In die een tipe het die blomme lang meeldrade (gewoonlik 5) wat ver by die blom uitsteek en 'n enkele kort styl waarvan die stempel net tot in die bek van die blom kom. Ander plante weer het blomme waarvan die meeldrade baie kort is (steek nie by die blom uit nie, maar kom net tot in die bek van die blom) maar met 'n enkel lang styl wat ver uitsteek.



Briewebus / Vra is Vry

Om vrugte te kry moet plante van beide blomtipes naby mekaar geplant word en beide moet dieselfde tyd blom. Let daarop dat hierdie nie 'n geval van manlike of vroulike plante is nie, aangesien beide plante op die ou einde vrugte dra.

Jy sal dus moet vasstel aan watter vorm jou plant behoort. Sodra jy dit weet, soek jy by 'n kwekery na plante met die teenoorgestelde blomtipe. Die verskil tussen die blomme is baie opvallend en n mens kan nie n fout maak nie.”

Gevolgtrekking en opsomming

Hierdie was vir my baie interessant en 'n stuk plantkunde wat selfs skrywers van tuinboeke en kwekerye nie van bewus is nie. Kwekers het genoeg bome sodat albei tipes blomme teenwoordig is en al die bome produseer bessies en hulle weet nie van hierdie probleem nie.

Hierdie spesie het groot blare en sal waarskynlik nie geskik wees vir bonsai nie. Ek het dit maar net beskou as 'n natuurwonder en wou met u deel.

My probleem is nou om 'n geskikte maatjie vir my boom te soek want die bessies word deur baie voëls geëet.

Terloops, my boom het blomme soos die foto links op die vorige bladsy waar stuifmeeldrade bo die blom uitsteek. Ek soek dus 'n boom met blomme soos op regterkantse foto.

Ek hoop julle vind hierdie verskynsel net so leersaam as ek al is hierdie kennis nie noodwendig 'n vereiste om goeie bonsai te kweek nie. Mens weet egter nie of daar wel geskikte bonsai spesies is wat distillies is nie.



OUTEUR: LOUIS VD WALT
SEPTEMBER 2018

DANKIE AAN PROF BRAAM VAN WYK VIR WETENSKAPLIKE INFORMASIE.

Vergadering van 1 September 2018

Een vergadering per jaar behels dat ons na 'n lid se huis gaan. Hierdie jaar was dit die huis van Pieter en Cecilia du Plessis. Ons het heerlik gekuier in hulle pragtuin en natuurlik lekker gebraaai en gesmul aan die pap en sous wat voorberei is. Ons het ook 'n bietjie aan 'n paar bome gewerk.



Vergadering van 1 September 2018

Gelukkig het twee lede vir ons elk 'n boom gewys wat, getrou aan lentedag, vol in blom was!



Bo: Org sê dat hy hierdie 'Crabapple' so 6 jaar gelede by Cherio Gardens by Magoebaskloof gekoop het. Org het hom teruggesnoei na 'n basiese styl en oorgeplant in die pot waarin hy nou is. Org glo dat as jy wil hê hy moet goed blom, moet hy 'n koue winter hê. Die boom blom die afgelope paar jaar elke jaar so mooi.



Bo: Jakkie het hierdie Azalea so drie jaar gelede by Checkers gekoop in 'n kwekery potjie. Verlede jaar het sy hom in die bonsai pot geplant en begin styleer. Jakkie doen iets reg dat hy so mooi blom!

Pieter het vertel dat hy (agv die ouderdom) met al hoe kleiner boompies werk. Hy het hulle maar in roomysbakke of margarienbakkies gegroei maar dit lyk darem nie mooi nie. Om 'n klomp goeie kwaliteit potte te koop is bietjie duur en toe kom hy op die idee om self te probeer bakkies maak. Hy het toe vir hom 'n 'mould' laat maak en eksperimenteer met verskillende sterktes sement mengsels en kleure (oksied) wat hy byvoeg. Pieter het met 'n rekenaarwaaiër tot 'n vibreerder gemaak. Pieter sê sodra hy die kuns bemeester het sal hy vir ons 'n artikel daarvoor skryf.



Vergadering van 1 September 2018

So tussen die kuier en lekker eet is daar ook aan 'n paar bome gewerk.

Onder is 'n Pyracantha (Firethorn) wat Jakkie (met Org se hulp) besluit het om te 'air layer'.



Pieter het 'n Olien groep oorgeplant en ook bietjie herrangskik, weereens met insette van Org.



Die groep voor oorplant...

beplan die nuwe groep

onder, die nuwe groep

Onder: Nardus het aan 'n Apiesdoring gewerk.



Vergadering van 1 September 2018

Vorster het 'n baie mooi Kremetart waaraan hy wou werk. Daar is toe vasgestel dat van die wortels, agv te veel water in die winter, begin vrot het. Die vrot wortels moes afgesny word tot waar hulle nie meer vrot is nie. Gelukkig was dit nie te hoog teen die stam op nie. Die snyplekke sal nou met Blomswael behandel word en gelos word om uit te droog voordat die boom weer geplant word.



Bo: Vorster het aan die Buddleja gewerk. Die boom het potensiaal om 'n prag bonsai te word. Die fotograaf het ongelukkig vergeet om 'n foto te neem nadat aan die boom gewerk is.

Onder: Francois het gehelp om die klein Buddleja van Christa te styl.



Terugvoering oor demonstrasie/werkswinkelbome

Die tema van die vergadering van 4 Julie 2015 het gehandel oor wortelontwikkeling by veral Acacia en Witstinkhout vir bonsai. Die praatjie is deur Pieter du Plessis aangebied. Pieter het gewys dat een van die prosesse wat hy gebruik is om die boom op 'n teël te plant sodat die wortels horisontaal groei en mooi nebari vorm. Sommige bome plant hy in houers maar groter bome plant hy in die tuin.

As deel van die praatjie het Pieter foto's gewys van 'n paar voorbeelde van Celtis wat hy in die tuin geplant het sodat die nebari sterk kan groei. Nou en dan haal hy hulle uit en snoei van die probleemwortels reg.

Pieter het die drie foto's onder gewys van een van die Witstinkhoutte wat in sy tuin was. Die foto's (en die praatjie) was in die vierde uitgawe van 2015 geplaas.



By die vergadering van 1 September 2018, dus net meer as drie jaar later, het Pieter gewys hoe die boom nou daar uitsien. Soos gesien kan word het Pieter die groot wortels teruggesnoei en daar het mooi klein wortels ontwikkel. Pieter het ook die stam en takke teruggesnoei. Pieter sal nou die groot snoeiplekke op die wortels bietjie afwerk. Daar kan gesien word dat die boom se nebari nou baie mooi gaan wees. Kyk ook hoe mooi het die stam ontwikkel.

Ons sal graag die verdere ontwikkeling van die boom wil dophou.



Vergadering van 6 Oktober 2018



Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Louis het hierdie Natal Vy sowat 10 jaar gelede as 'n klein steggie op die rots geplant.

Onder: Christa het hierdie Ficus Burtt-davyi redelik onlangs aangeskaf. Sy beplan om hom binnekort oor te plant.



Bo: Hierdie Blompeer het Louis so ses jaar gelede as klein plantjie uit sy tuin gehaal.

Onder: Francois het hierdie Elm 'n paar jaar gelede uit Erika se tuin gegrawe. Dit het geblyk dat die boom gevrek het en Francois was op die punt om hom weg te gooi toe hy merk dat die boom uitloop waar die groei nou gesien kan word.



Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Louis het die Deurme-kaarbos so 10 jaar gelede uit sy tuin gehaal as klein plantjie. Die boom dra welige vruggies.



Onder: Christa het so 22 jaar gelede die Olien by haar ma gekry.



Onder: Pieter het die Witstinkhout van saailing gekweek so 10 tot 15 jaar gelede.



Links: Hierdie is 'n Duinekraaibessie wat Louis so 10 jaar gelede by 'n kwekery gekoop het. Dit is 'n "creeper" en Louis sê dat die stam dus nie veel meer sal verdik nie.

Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Org sê dat hy so 10 jaar gelede 'n steggie van die Elm met die besondere klein blaartjies by Erika gekry het.

Onder: Nog 'n Elm van Org. Hy het die boom sowat 20 jaar gelede uit sy tuin gegrawe.

Onder: Die Elm het Org van 'n steggie gegroei. Hy kan nie onthou hoe lank gelede nie.



Bo: Org vertel dat die Elm 'n klompie jare gelede 'gevrek' het. Toe hy wel weer uitloop, het hy die twee lewendige dele gemaak met die natuurlike dooie hout in die middel.

Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Pieter het hierdie Apiesdoring sowat 28 jaar gelede van saad gewkeek.



Links: Francois de Bruyn vertel dat hy hierdie Ouhout sowat nege jaar gelede as 'n baie klein plantjie by die 'raffle' gewen het. Die fotograaf vra verskoning dat hy nagelaat het om Francois saam met sy boom af te neem. Kyk net hoe blom die boom.

Regs: Ons ken nou al Colin se prag "Tee-bush" bome. Colin het hierdie boom so 15 jaar gelede van saad gekweek. Hy sê dat sodra die blomme begin afgaan, verwyder hy alle blomme voordat hulle saad maak.



Onder: Hierdie prag Azalea het Colin so 20 jaar gelede in Magoebaskloof uitgegrawe.



Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Wouter het die Sterkastaaiing so twee jaar gelede in Warmbad aangekoop. Hy het sedertdien baie aan die boom gestyl. Die boom is ook mooi in blom.

Onder: Erika het hierdie Elm so 20 jaar terug van 'n steggie begin. Sy dink dit is die "Catlin Elm". Sy sê dat hy nie al sy blare in die winter verloor nie. Hy "callous" nie maklik oor wonde nie.



Bo: Hierdie Elm het Erika so 15 jaar gelede van 'n steggie begin. Sy sê dat hy wit randjies op die blare het.



Bo: Ettiene sê dat hy hierdie Deurmekaarbos net so uit die grond gegrawe het so 10 tot 15 jaar gelede. Hy het weinig aan hom gestyl.

Vergadering van 6 Oktober 2018: mini-uitstalling



Links: Vorster het hierdie Olien in 2008 by 'n kwekery in Zeerust gekoop as 'n baie klein plantjie. Hy het aanvanklik gepoog om hom in die Pierneef styl te maak maar het nou 'n baie mooi Bosveldstyl boom.

Onder: Hierdie Elm van Erika was ook 'n kwekery boompie.



Links: Louis het hierdie Deurmekaarbos so 10 jaar gelede in sy tuin uitgegrawe.

“It always seems impossible until its done.”

Nelson Mandela

Vergadering van 6 Oktober 2018

'Tip of the month' - Deur Pieter du Plessis

Pieter sê dat hy daarvan hou as sy Doringbome 'n lekker digte kroon het. Wanneer hy die takkies laat groei staan almal regop en bo die kroon uit.

Wat Pieter doen om dit reg te stel, is die volgende: hy gebruik sosatie stokkies om die nuwe takkies wat groei in die kroon af te buig. Hy hak die sosatiestokkies aan van die bestaande takke se dorings sodat hulle horisontaal in die kroon is en die nuwe takkies in plek hou.

So maak die nuwe takkies die kroon dig. Pieter sê dat hy die sosatiestokkies so vier weke inhou waarna die nuwe takkies in plek sal bly.



Die vergadering het gehandel oor die Elm (Ulmus) en is aangebied deur Francois (kaalvoet) Viljoen. Francois het gekonsentreer op die Chinese Elm, *Ulmus parvifolia*. Die "Japanese Elm"- *Zelkova serrata* word ook as bonsai gebruik. Daar is ook 'n "English Elm" wat gebruik word. Dan is daar 'n spesie wat genoem word "*Ulmus parvifolia* var *Catlin*" wat 'n dwergvariasie is met besondere klein blaartjies.

Francois het 'n paar bome gewys wat hy uitgegrawe het. Hy sê dat hulle baie maklik oorleef as jy hulle grawe indien dit op die regte tyd gedoen word. Dit moet gedoen word net voor "bud brake" of nadat die blare reeds verhard het. Nadat die blare verhard het, is die energie in die boom besig om weer na die wortels te gaan. As jy grawe wanneer die blare uitkom, is die energie als bo.

Francois vertel dat sy Elms baie vinnig groei. Hy gee hulle egter gereeld voeding. Die Elm kan droogte hanteer maar hou van redelik baie water. Die boom waaraan Francois gewerk het staan binne in 'n tweede bak wat nie dreineer nie (sien foto). Hy gooi elke oggend daardie bak vol water en die boom gebruik al die water deur die dag. Francois noem dat Elms ook maklik van steggies groei en mens kan hulle ook "air layer".



Hierdie boom is maar 'n jaar nadat Francois hom uitgegrawe het. Let op al die groei.

Vergadering van 6 Oktober 2018

Onder: Die boom van die vorige bladsy nadat Francois hom na 'n basiese raamwerk gesnoei het. Francois sien die 'voorkant' soos die foto onder regs, dat die dunner stam effe agter die hoofstam is.



REKLAME



ROBINSON & KRUGER
— PROKUREURS / ATTORNEYS —

SINCE 1995

BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGENS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

The 8 million species we don't know

Article from “The New York Times”, March 3, 2018 edited and shortened to fit.

The most striking fact about the living environment may be how little we know about it. Even the number of living species can be only roughly calculated. A widely accepted estimate by scientists puts the number at about 10 million. In contrast, those formally described, classified and given two-part Latinized names (*Homo sapiens* for humans, for example) number slightly more than two million. With only about 20 percent of its species known and 80 percent undiscovered, it is fair to call Earth a little-known planet.

A sad scenario is that the extinction of species by human activity continues to accelerate, fast enough to eliminate more than half of all species by the end of this century. Many species are therefore eliminated before they are even discovered, mostly due to climate change. But humanity can solve the problem of climate change. Yes, the problem is enormous, but we have both the knowledge and the resources to do this and require only the will.

The worldwide extinction of species and natural ecosystems, however, is not reversible. Once species are gone, they're gone forever. Even if the climate is stabilized, the extinction of species will remove Earth's foundational, billion-year-old environmental support system.

The formula widely agreed upon by conservation scientists is to keep half the land and half the sea of the planet as wild and protected from human intervention or activity as possible. We are however currently far from that, see illustration.

The best-explored groups of organisms are the vertebrates (mammals, birds, reptiles, amphibians, fishes), along with plants, especially trees and shrubs. Being conspicuous, they are what we familiarly call “wildlife.” A great majority of other species, however, are by

far also the most abundant. I like to call them “the little things that run the world.” They teem everywhere, in great number and variety in and on all plants, throughout the soil at our feet and in the air around us. They are the protists, fungi, insects, crustaceans, spiders, pauropods, centipedes, mites, nematodes and legions of others whose scientific names are seldom heard by the bulk of humanity. In the sea and along its shores swarm organisms of the other living world — marine diatoms, crustaceans, ascidians, sea hares, priapulids, coral, loriciferans and on through the still mostly unfilled encyclopedia of life.

Do not call these organisms “bugs” or “critters.” They too are wildlife. Let us learn their correct names and care about their safety. Their existence makes possible our own. We are wholly dependent on them. By understanding our planet, we have the opportunity to save it.

As we focus on climate change, we must also act decisively to protect the living world while we still have time. It would be humanity's ultimate achievement. ♣

A Long Way to Go to 'Half Earth'

Land and marine areas that now have a protected status.



Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As



Wat doen ons in November en Desember?

November word beskou as laat lente terwyl Desember die somer inwy. Die tabel hieronder toon dat warm temperature ons voorland gaan wees, wat beteken dat die grond in ons bonsaipotte vinnig kan uitdroog. Water-toediening is dus van uiterste belang. Lig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lote en moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om enige wanbalans in takvorming te voorkom. Doen gereeld inspeksie en pas konstante verfyningstoe toe. Die lote van bladwisselende bome kan teruggesnoei word tot een of twee pare blare wat vertakking en die verkleining van blare teweeg sal bring. Nuwe groei by naaldblaarbome moet ook konstant teruggepluk word. Indien daar gevoel word dat jong takkies nou reeds bedraad moet word, moet daarop gelet word om die draad nie te styf om die takkie te draai nie. Die vinnige groei wat nou plaasvind sal maak dat die draad maklik insny. Dit is 'n belangrike tyd van die jaar vir voeding en die meeste bome moet regdeur die somer bemes word. Bladwisselende bome kan seewierekstrak (Seagro), 2:3:2 en L.A.N afwisselend elke maand ontvang terwyl Naaldblaarbome 3:1:1 of seewierekstrak toegedien kan word. Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig.

Bonsai-groete

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakke) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
November	27	16	9	12	61-100mm
Desember	28	17	9	15	101-200mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Francois

Sorgskedule Seisoen: Season:		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late summer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn	
Maand: Month:		Jan	Feb	Mrt Mar	Apr	Mei May	
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consolidate new growth			Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed			
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings						
	Verplant Potting						
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning						
	Knyp groeipunte Pinch growth points						
	Bemesting Fertilizer						
	Insekdoders Insecticide						
	Somerbeskerming Summer protection						

Sorgskedule Seisoen: Season:		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: Month:		Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des Dec
Die boom se jaarsiklus The tree's yearly cycle		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
A k s i e / A c t i o n	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees			
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

Snippets

Our Environment

Do not litter and always try to pick up and dispose of the litter of others. Animals can swallow, be poisoned, drowned, tangled or strangled in the careless remnants of humans. Birds frequently get their feet and wings tied in plastic, string or wool, succumbing to predators or dying as a result of injuries.



Inspirasie uit die natuur

Regs is 'n baie bekende Witstinkhout van Hannes Fritz. Die boom het 'n hol stam wat 'n baie interessante fokuspunt van die boom is.

Maar is daar sulke bome in die natuur? En hoe leef hulle? Die binneste harde hout (dead wood) van 'n boom is presies dit, dooie hout, en is dus nie nodig vir die groei van 'n boom nie, behalwe om die boom regop te hou.

Onder is 'n voorbeeld van 'n Kremetart in die natuur wat ook so hol stam het soos wat Hannes se Witstinkhout het. Die redakteur kan gesien word binne in die hol stam. Die boom groei nog mooi en sterk. Die boom is iewers in Limpopo afgeneem. Het Hannes dalk die boom gesien en nageboots?

